PALS: PARTNERS IN AGRI LAND SOLUTIONS

Witzenberg PALS (NPC)
84B Voortrekker Street
Posbus 79
Ceres
6835
Tel: 023 316 1191
September 2015

Geagte Meneer / Dame

WITZENBERG PALS (NPC): NUUSBRIEF

Ons berig graag aan u oor die nuutste verwikkelinge met die Witzenberg PALS inisiatief.

1. "Chief Operating Officer"

Vanaf 1 September 2015 is Lennox Plaatjies in diens van die maatskappy as Hoof Bedryfsbestuurder. Lennox is deur die direksie aangestel na 'n proses van advertensies en onderhoude met sekere kandidate.

Aangeheg is 'n kort beskrywing van Lennox se agtergrond en loopbaan.
Daar word beoog dat hy binne die volgende maand besoek sal aflê by deelnemende produsente, om produsente te ontmoet en gesprekke te voer oor kwessies wat met die regering en rolspelers bevorder moet word. Reëlings sal dan ook getref word vir inligtingsessies met plaaswerkers.

2. PALS Kantoor

Die nuwe PALS kantoor is ingerig te Voortrekkerstraat 84B (langs Joubert Van Vuuren Ing). Die kantoor word tans deur Lennox Plaatjies en Izak Strauss (Landbouekonoom) beman. Die kantoor verskaf nou 'n fisiese adres waar gaste en rolspelers ontvang kan word en vanwaar die PALS inisiatief gekoördineer word. Die telefoonnommer vir die PALS kantoor is 023 316 1191.

WITZENBERG PALS (NPC) Reg nr: 2015/164704/08
Direkteure // Directors: Pieter du Toit, Raymond Koopstad, Francois Malan, Tommy Mona, Petri Fourie, Inus Oosthuizen, Jaffie Galant, Nicholas Dicey, Peter Wolfaardt, Robert Graaff.

'n Sekretaresse sal waarskynlik mettertyd aangestel moet word om die hoë frekwensie oproepe, versoeke en navrae te help hanteer.

3. Ledegeld en Begroting

Die direksie het 'n begroting vir die volgende vyf jaar opgestel en word 'n gedeelte van die inkomste aanvanklik deur ledegelde gefinansier. Die uitgawes hou direk verband met implementering van die inisiatief en aksies tot voordeel en ten behoewe van die lede en Witzenberg gemeenskap.

Ons vertrou dat produsente wat nog nie hul ledegeld betaal het nie, dit spoedig sal doen om Witzenberg PALS in staat te stel om namens u die belangrike take uit te voer. U kan per e-pos met Reinette van Staden skakel by reinette@jvanvuuren.co.za in hierdie verband.

Die hooffunksies van die sentrum sal koördinering, fasilitering en implementering van die projekte wees. Benewens ondersteuningsdienste aan die "Local Land Committee" (LLC) sal die sentrum onder andere ook verantwoordelik wees vir:

- Skakeling en koördinering met regeringsdepartemente, finansiële instellings, die pers en reël van besoeke en afsprake met rolspelers.
- Byhou en verskaffing van inligting aan lede en rolspelers.
- Hantering van versoeke van lede ten opsigte van grond, opleiding, inligting, programme, beleid, nuwe geleenthede en plasing van persone.
- Fasilitering van aansoeke vir water, opleiding en projekte
- Fasilitering van Mediasie en Arbitrasie Forum.



4. Skakeling met regeringsdepartemente

Sedert daar op 24 Junie 2015 met die Nasionale Direkteurs-Generaal van verskeie departemente vergader is, het die CEO van Landbank ons weer besoek en 'n "Special Purpose Vehicle" (SPV) voorgestel vir finansiering van projekte. Daar was ook skakelings met en werkswinkels van Departement Waterwese en Breede-Gouritz Catchment Management Agency.

Ons het intussen bevestiging van SARS ontvang dat die PALS inisiatief en versoek om vrystellings na die Nasionale Tesourie verwys is. Dit is positiewe nuus aangesien ‘n beleidsverandering in PALS se guns hieruit kan spruit.

Die wyse waarop deelnemende produsente erkenning kan ontvang naamlik deur BEE status en/of sekuriteit van grond en water bly ook op agenda.

Direkteur-Generaal Mdu Shabane het nou ook voorleggings gemaak aan die Minister en is meegedeel dat die kabinet en president ook op hoogte gebring word van die vordering met Witzenberg PALS. Ons het sovêr positiewe terugvoer ontvang en hou u op hoogte.

5. Besoeke, optredes en gesprekke met rolspelers

Benewens daaglikse gesprekke en kommunikasie met talle instansies wat produkte aanbied of inligting verlang oor die PALS inisiatief, is ook opgetree by Agri SA se werkkomitee, Rural Development Indaba te Oos Londen en Droëvrugte en Inmakers Tegniese Simposium.
Op 12 Augustus 2015 was daar ‘n optog oor dienslewering in Ceres, onder leiding van onder andere Naomi Thomas van Western Cape Rural Development Centre (WCRDC). PALS het ook ‘n memorandum ontvang, waarop geantwoord is. Konstruktiewe gesprekke is met Me Thomas gevoer en vertrou ons dat verdere gesprekke ‘n positiewe uitkoms sal hê.

Op 2 Oktober 2015 sal Lennox en Izak namens Witzenberg PALS, die direksie van AECI te Johannesburg inlig in verband met moontlike ondersteuning vir van ons opleidingsinisiatiewe.

6. Eskom

Groot besorgdheid het bestaan oor Eskom se vermoë om elektrisiteit vir nuwe aansoeke en uitbreidings te voorsien. Die aspek word nou direk met hoogste vlak van Regering gekommunikeer ten einde ‘n besluit te bespoedig dat Eskom dringend sy bestaande netwerk in die Witzenberg area opgradeer.

Weens die belang van Witzenberg PALS kan ons die geleentheid benut om te vra dat Eskom dringend stappe neem en dat normale beplanning wat eers 2020 sou wees, verander word.

Die Munisipaliteit het ook reeds met Departement Landelike Ontwikkeling ooreengekom om opgradering binne die munisipale area te finansier en vanjaar nog die werk te laat doen.

7. Projekte en nog geleenthede

Die ongeveer 75 konsepprojekte van Witzenberg PALS, behels benewens grondhervorming ook talle waardekettingprojekte.

Die projekspan het 25 projekte geïdentifiseer wat in die volgende 6 tot 12 maande geïmplementeer kan word.

Verskeie geleenthede vir waardekettingprojekte kan ook in samewerking met die Munisipaliteit, gemeenskapsinstansies en swart boere benut word. Indien u meer inligting verlang, kan u 'n afspraak met ons maak.

Die finansiering van die Agripark deur Departement Landelike Ontwikkeling en Grondsake gaan ook nog geleenthede ontsluit.

8. Konsultasie met plaaswerkers

Benewens gesprekke met deelnemende produsente, word inligtingsessies met groepe plaaswerkers ook beplan. Die belang om inklusief te konsulteer en die totale gemeenskap en spesifieke plaaswerkers se ondersteuning van die inisiatief te verkry, is weer in gesprekke met die nasionale regering bevestig. Sodoende sal verseker word dat samewerking en sosiale harmonie verkry word.

Ons sal in die gesprekke met produsente die nodige reëlings tref en ook insette van produsente verkry in verband met die inligtingstuk wat tans saamgestel word.

9. PALS landwyd

Dit is baie duidelik dat Witzenberg PALS beskou word as die inisiatief wat weer hoop kan bring vir ons land. Ons implementeer ook reeds verskeie projekte in areas buite Witzenberg en glo dat suksesvolle implementering van die volgende fase projekte, die land se produsente en mense gaan inspireer.

Vriendelike PALS groete

Short profile of Lennox Plaatjies: COO Witzenberg PALS

Lennox Plaatjies was born in the small township of Pine Valley in Wolseley and matriculated at Wolseley Secondary in 1993. Raised by a single mom, working as a domestic worker, he was unable to pursue further studies after matric.

He joined the Department Correctional Services (DCS) in 1997, where he served for 18 years in various roles in security, offender rehabilitation and development, communications and marketing, training and human resource development, Head of Operations and later as Head of the Dwarsrivier Prison, outside Wolseley. During his employment in DCS he obtained his Diploma in Human Resource Management (part-time) with the Southern Business School (SBS) IN 2003, as well as the Advanced Management Development Programme (AMDP) at the University of Free State, in conjunction with the School of Government in 2014. After leaving DCS in January 2015, he joined Emerging Leaders UK (NGO) on 1 February 2015, as Head of Operations for South Africa. Emerging Leaders is doing leadership development programmes in the most vulnerable, poverty stricken communities in 8 Sub Saharan African countries, with South Africa being the 9th country. As a passionate person for community development and empowerment, Lennox has been facilitating leadership development programmes and seminars across various communities in the rural farming communities in the Western Cape. He joined Witzenberg PALS as Chief Operations Officer on 1 September 2015, and is indeed relishing the opportunity to be part of writing a new chapter of hope, through land reform and economic transformation in the Agricultural sector in the Witzenberg area and the country at large.

Lennox is married to Nadia and has 3 children, aged 17, 15 and 5 respectively, with the eldest two attending school at Charlie Hofmeyr in Ceres, and the youngest still attending crèche in Wolseley. His mother and 4 siblings (2 brothers and 2 sisters) are all staying in Wolseley.